
RAPPORT, Loopbane 24
30 Oct 2011, p.3

BOEDEL

# Moenie finansiële pyn aan geliefdes agterlaat



## HULP MET KLEINSAKE

NICO VAN GIJSEN

'n Opmerking van 'n eksekuteur van 'n oorlede sakeman se boedel dié week laat my vandag hierdie rubriek skryf.

"Ou Jannie," merk sy ewe droog op, "sit rustig daar bo en bespeel sy harp, terwyl die twee vroue in sy lewe soos kat en hond baklei en die kinders daaronder ly."

Kortliks die feite. Jannie (skuilnaam) had 'n suksesvolle onderneming. Sy nuwe vrou, met wie hy nie formeel getroud was nie, het hom voltyds bygestaan en hulle het goeie geld verdien. Hy kon maandeliks aan sy eks 'n stewige bedrag onderhoud betaal vir die kinders en hy het gereelde toegang tot hulle gehad.

Maar Jannie het twee foute begaan. Die onderneming is in 'n trust bedryf waarvan sy kinders die begunstigdes is en hy het altyd slimstories gehad wanneer sy vriend, 'n geregistreerde finansiële beplanner, met hom gesels het oor lewensdekking. Toe gaan hy dood (oënskynlik deels omdat hy ook nie na sy dokter wou luister nie).

Wat laat hy agter? 'n Huis met 'n uitstaande verband van R5 miljoen. Geen geld om dit af te los nie. Die boedel is bankrot, want weens die swak eiendomsmark kan die verkoop van die huis nie eens die verband dek nie. Die nuwe vrou is ook sonder 'n huis.

Sy kan voortgaan met die bestuur van die onderneming en sy is bereid om dit te doen, maar aangesien die onderneming deur die familietrust besit word, vra sy vir aandele in die onderneming.

Die vorige vrou sê nee, haar kinders is die begunstigdes en dit moet so bly.

Die nuwe vrou trek nou haar skouers op en sê, heeltemal tereg: Hoekom moet sy vir hulle werk? Dan sluit sy liewer die onderneming en begin haar eie soortgelyke saak. Sy het immers die kennis en die ervaring. En dan werk sy tog vir haar eie sak.

Die gevolg? Benewens die katgeveg tussen die vroue in Jannie se lewe, is die boedel bankrot en erf sy kinders, die eks en sy nuwe vrou niks. Die onderneming is tot niet en daarmee saam ook die bron van sy kinders se onderhoudgeld.

Die lesse hierin? Gesels met 'n kundige finansiële beplanner en volg sy of haar raad.

Al het Jannie niks anders gedoen nie, sou die regte lewensversekering hierdie finansiële ellende voorkom het.

Ek noem dit juis "regte lewensversekering", want om net 'n polis te hê is nie goed genoeg nie. Dit moet reg gestruktureer word en moet met 'n behoorlike finansiële plan gepaardgaan.

En dan natuurlik die trust. Eerstens is daar beter entiteite om 'n saak in te bedryf as 'n trust. Tweedens, soos in Jannie se geval en ander gevalle waarvan ek weet, is die trust, dít wat bedoel is om bates te beskerm, juis dit wat die grootste finansiële risiko vir die voortbestaan van die onderneming skep.

Los liewer die "gratis finansiële raad". Los die kortpaaie van gewaande belastingfoefies met sake in 'n familietrust. Al gaan jy dalk nie jou eie vingers verbrand nie, maak seker jy verbrand nie die ideale en drome van jou kinders en ander geliefdes deur domastrant te wil wees nie. Beskerm dit waarvoor jy werk.

▸ *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Hulp met Kleinsake, Posbus 8422, Johannesburg 2000.*